

Nuut op die rakke

Twee niefiksieboeke wat jou sal interesseer

Deur **ELNA VAN DER MERWE**



SKATRYK
Deur **JOHAN FOURIE**

Tafelberg, R340

Ons leef beter as ons voorsate, sê prof. Johan Fourie in sy splintermuwe *Skatryk*.

Hy is 'n internasionaal gerekende kenner van die ekonomie en verbonde aan die Universiteit Stellenbosch.

By die pas afgelope KKNK op Oudtshoorn het Magdaleen Krüger, die voormalige hoof van RSG, met hom oor *Skatryk* gesels.


Sy het gesê as 'n mens 'n bietjie sinies is, is dit maar baie moeilik om te glo dat – met ons werklikheid soos dit is – dit beter met ons gaan as ooit tevore.

Johan sê dit is juis waarom 'n mens daarby kan baat vind om die geskiedenis te ken: "Die geskiedenis doen twee dinge vir ons: Dit help ons om te verstaan waar ons is, en dit help ons om te weet wat in die verlede gebeur het sodat ons soortgelyke probleme in die hede kan verstaan."

Van die verbande wat hy trek tussen toekas en nou klink vreemd wanneer hy dit vraagsgewys in sy boek stel, soos:

- Hoe het Josef en sy broers ekonomiese probleme opgelos?
- Wat het Karel die Grote en die koning van die Zoeloes in gemeen?
- Hoekom het die Chinese keiser 'n kameelperd present gekry?
- Wat maak Jeremy Irons in die reënwood?
- Hoe het Einstein Eskom help bou?
- Wat het Lego met skeepsvaart te doen?
- Hoekom mag jy net swart karre koop?
- Hoekom speel die Japannese rugby?

Hierdie interessante aanslag maak dit 'n baie leesbare boek vir mense wat nie ekonomiese begrippe onder die knie het nie. Johan eindig met idees vir die skep van 'n welvarende gemeenskap, onder meer: "As die geskiedenis ons een ding geleer het, is dit dat rykdom geskep word deur gewone mense te bemagtig met vryhede wat hulle help om beter lewens te bou. Tegnologie kan help." Dus is dit beter om vir elke gesin 'n sonpaneel te gee eerder as om 'n duur steenkoolkragstasie te bou; pleks van 'n staatsuit-saaiër te finansier, behoort gratis en vinnige internettoegang verskaf te word, ensovoorts.



'N UITTREKSEL

Waar begin 'n mens? Gesondheidsorg en onderwys van gehalte – die boustene van mensekapitaal – is 'n vanselfsprekende eerste stap op die pad na ekonomiese vryheid. Gee aan vroue die vryheid om te besluit oor watter gesinsbeplanning vir hulle die beste is. Gee ouers die vryheid om te kies na watter kleuterskole en skole hulle hul kinders wil stuur. Betrek die private sektor, maar moenie die taak eksklusief aan hulle oorlaat nie. Mōre se betrekkinge kan nie geveel word deur kinders wat met gister se gereedskap onderrig is nie.

Wetenskap en tegnologie sal 'n deurslaggewende rol speel. Ons het merkwaardig ryk geword deur op die skouers van reuse te staan. Ons leer deur dinge op die proef te stel, ons hipoteses teen die bewyse te toets en te verwerp wat verkeerd is. Streef na aktiewe inkrementalisme in die wetenskap en in die lewe.

Skep veiligheidsnette en aansporings wat selfs die armstes aanmoedig om te belê, uit mislukkings te leer en weer te probeer. Dis moeilik om 'n welvarende gemeenskap te bou, maar dis heeltemal bereikbaar.

Die Vierde Industriële Revolusie sal ons selfs produktiewer maak as wat ons ons kan voorstel en ons help om langer, gelukkiger en betekenisvoller te lewe. Maar dit sal ook uitsluit. Dit sal makliker word om vryhede te gee, maar ook makliker om hulle weg te neem. Koester die demokrasie. Maak seker dat elkeen tel. Wees skepties oor diene wat te veel belof en oor sukses wat te maklik kom.

Groot besigheid kan net so boos soos groot regering wees; albei sal wil beheer wat ons sien en hoor en ons gedrag dienoreenkoms wil vorm.



FLOEER
Deur **ILSE SALZWEDEL**

Lux Verbi, R250


So word Ilse se boek op sy voorblad opgesom:

- Styg uit bo terugslae
- Oorkom teenspoed makliker

- Ware verhale van veerkragtigheid
- Praktiese wenke

Almal ken swaarkry, maar nie almal kan dit hanteer nie. Veerkragtigheid is hier die towerwoord, die vermoë om te oorleef al gaan dit hóé sleg. Ilse skryf uitvoerig hieroor en oor hoe 'n mens in 'n krisis op jou lewenspad 'n keuse het: "Floreer of kreppeer."

Ilse, 'n bekende radioaanbieder en joernalis, verduidelik waarom sy *Floreer* geskryf het: "Ná byna drie dekades as joernalis is dit nie die stories van glansmense wat my bybly nie, maar die stories van gewone mense wat platgeslaan is deur die lewe en telkens maar weer opstaan. En aanhou probeer het. Ek wou uitvind wat maak ons veerkragtig, en of dit iets is wat 'n mens kan aanleer of slyp. Die kort antwoord is: ja!"



'N UITTREKSEL

Dit was vroegoggend iewers in Julie 2008. Ek het vanself wakker geword, en vir die eerste paar sekondes het my brein vergeet wat gebeur het. Maar toe die onthou aanmeld, het ek een van daardie cliché-oomblikke ervaar waarvan 'n mens net in tranerige liefdesverhale lees. "As jy nie jou oë oopmaak nie, kan hierdie aaklige dag nie begin nie," het 'n stemmetjie in my kop

my probeer wysmaak. 'n Paar minute het ek net so bly lê, my oë toe, die versoeking groot

om toe te gee aan my brein se versoek om die hele dag in die bed te bly met my oë styf toegekny teen die nare werklikheid van my lewe op daardie dag.

Maar die realis in my was nog altyd baie luidrugtiger as die ander stemme in my kop. Ek kon nie net bly lê nie. Daar was dinge om te doen. Soos om my twee kinders by die skool en speelgroepie te kry. Ek moes probeer werk, want as ek nie werk nie, sou daar nie geld wees om die dak oor ons koppe te betaal nie.

Die lewe gaan aan. Selfs al was jy net enkele dae tevore in 'n aaklige motorongeluk waarin jou ma in jou arms dood is en wat jou reeds verswakte en bejaarde pa beseer en getraumatiseer gelaat het.

En ding het ek daardie oggend baie duidelik besef, baie duideliker as op enige ander

oomblik voorheen in my lewe.

Ek durf nie bly lê nie – nie letterlik nie, en nie figuurlik nie. Ek moes opstaan en aanhou veg, deur die pyn én ten spyte van die pyn. Ek sou nie die eerste mens wees wat dit moes doen nie, en beslis ook nie die laaste nie.

Daardie oggend het ek vir die soveelste keer besef dat die lewe nie vir sissies is nie. (En sedert daardie dag nog 'n hele klomp keer!) Dit is iets wat ek lankal geweet het. Daarvoor het 'n hele klompie ervarings in die voorafgaande dekade van my lewe immers gesorg.

Soos om uit te vind dat my dogtertjie gemolesteer is, dat my man – wat 'n sober alkoholis was toe ons getroud is – weer begin drink het, dat my huwelik onherstelbaar verbrokkel het, en dat dit regtig beter sou wees vir my (en my kinders) om te skei. □